# Landbouvakke

KOSTER
GEKOMBINEERDE SKOOL

## DIE LANDBOUVAKKE WAT AANGEBIED WORD SLUIT IN:

**LANDBOUWETENSKAPPE** is die studie van die verwantskap tussen grond, plante en diere in die produksie en prosessering van voedsel, vessel en brandstof en ander landboukommoditeite wat ekonomiese, estetiese en kulturele waarde het. Hierdie vak is wetenskaplik gerig en berei leerders voor vir 'n B.Sc Agric rigting as studie opsie.

**LANDBOUBESTUURSPRAKTYK** is die studie en toepassing van produksie, ekonomiese en bestuur-beginsels wat in die verbouing, transformasie en bemarking van voedsel en ander landbouprodukte gebruik word. Hierdie beginsel word gebruik om waarde tot landbouprodukte van hoë gehalte te voeg sodat hierdie produkte ekonomiese, estetiese, sosiale en kulturele waarde het. Landboubestuurspraktyk fokus op die praktiese en bestuurselemente van 'n boerdery.

**LANDBOUTEGNOLOGIE** fokus op tegnologie wat in landbou gebruik word. Dit dek die kennis van hoe prosesse, gereedskap, toerusting, strukture en vaardigehede deur boere benut word. Verder om landbougrond te bewerk en voedsel en produkte te produseer deur van verskeie produksieprosesse; die handhawing en onderhouding van kwaliteit lewensstandaarde en die uitbouing van ekonomiese en goeie kulturele waardes te gebruik.

**Die aanbeveling is dat Landbouwetenskappe met Fisiese Wetenskap en/of Lewenswetenskappe gekombineer word.**

**MOONTLIKE STUDIERIGTINGS/BEROEPE :**
Landboukundige raadgewer, landboukundige dienste bv. Grondontleder, watergehaltespesialis, gif- en bemestingstofbemarker, patoloog, botanis, uitvoerbestuurder, voedselgehaltebestuurder vir kettingwinkels, marinebioloog, toksikoloog, ekoloog.

Onderwys (Daar is 'n enorme tekort vir Landbou-vakke), joernalistiek vir landbou-tydskrifte en -koerante, natuurlikehulpbronbestuur en natuurbewaarder, landbou-ekonoom, voedselinspekteur, parkbestuurder, kweekhuis- en kwekerybetuurder, arbeidsverhoudingspesialis.

Wynmaker, wingerdbestuurder, bosbouer, wetenskaplike, markontleder, akwakultuur, voerkraalbestuurder, mikrobioloog, rekenkundige in lanboubedryf, a gribankwese, graanverspreiding en versekeringrisikobestuur – die opsie is legio.